higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N5

(3030605)

2 Desember 2019 (X-Vraestel)

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Kopiereg/outeurs reg	A	inkomste uit verkope van musiek en plate
1.1.2	Film/Rolprent	B	wanneer die bevoorrader die bruto verkoopsprys neem en die koste aftrek en dit wat oor is, verdeel
1.1.3	Komponis kan dit verhaal	C	varieer teen ongeveer 80% van die Amerikaanse tariewe
1.1.4	Tantieme	D	kan slegs dit wat hulle reeds gedruk het aan die einde van hul termyn verkoop
1.1.5	Gratis goedere	E	hulle verkoop handelsware met die kunstenaar se naam of gesig daarop
1.1.6	Groot platemaatskappy	F	moet elke liedjie goedkeur ten einde voordragvereistes na te kom
1.1.7	Digitale toetser	G	monopolie vir beperkte tydsduur
1.1.8	Tydens termyn van liedjieskrywer-ooreenkoms	H	tantieme bekom uit die openbare uitvoering van opgeneemde musiek
1.1.9	Buitelandse tantieme	I	van 'n roman gemaak, 'n afgeleide werk
1.1.10	Verdeling van netto wins	J	komponis stem in om vir die uitgewer al die liedjies te gee wat hulle gedurende die termyn skryf
1.1.11	Drukkers	K	het 'n kontrak met uitgewer om die komposisies te administreer
1.1.12	Uitvoeringstantieme	L	statutêre skadevergoeding wanneer werklike wins nie bewys kan word nie
1.1.13	Uitgewer	M	maak monsters van plate
1.1.14	Bevoorraders	N	hulle gebruik groot verspreiders om plate te versprei
1.1.15	Komponis	O	plate wat platemaatskappye gratis aan kleinhandelaars gee

(15 × 2) (30)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Omkering van kopiereg beteken dat die komponis permanent eienaarskap van sy of haar werk sal verloor.

1.2.2 Omkering van kopiereg dien dieselfde doel as beëindiging van kopiereg.

1.2.3 Outomatiese omkering het 'n tydsverband van vyf tot vyftien jaar.

1.2.4 Die reg om werk te vertoon is vir kunswerke bedoel.

1.2.5 Noodverkope beteken om aandele/effekte teen 'n verminderde prys te verkoop.

1.2.6 'n Komponis of uitgewer moet duidelik aan die drukker uiteensit wat aan die einde van die termyn met die oorblywende goed gedoen moet word.

1.2.7 Die drukwerklisensie beperk die drukker tot die verkoop van 'n spesifieke aantal gedrukte kopieë van geskrewe musiek.

1.2.8 Bruto verkope is die verkoopsprys aan die publiek, uitsluitend belasting.

1.2.9 Handelsware word by konserte en kleinhandelswinkels verkoop.

1.2.10 Die ekstra 5% wat op die persoonlikheidsfolio gehef word, gaan na die kunstenaar.

1.2.11 Bevoorraders huur normaalweg mense om jou voorraad gedurende uitvoerings by die saal te verkoop.

1.2.12 'n Folio is 'n versameling geskrewe musiek wat in 'n boek saamgestel is.

1.2.13 Stadions is duurder om vir 'n uitvoering gereed te maak.

1.2.14 Tantieme kan op grond van verkope verhoog word.

1.2.15 Die meeste maatskappye wil die hele voorskot terughê as jou prestasieminimum tekortskiet.

1.2.16 Die persoonlike bestuurder is die uitvoerende hoofbeampte van jou span wanneer julle toer.

1.2.17 Vervoer van mense en toerusting tydens 'n toer is die kunstenaar se verantwoordelikheid.

Kopiereg voorbehou

1.2.18 Die sakebestuurder hanteer alle gelde van die kunstenaar terwyl hy/sy op toer is.

1.2.19 Finansiële bestuur begin wanneer die toer begin.

1.2.20 'n Sakebestuurder laat toe dat die toer die vasgestelde begroting oorskry.

1.2.21 'n Skendingshandeling stel die hof in staat om die komponis tussen $250 en $10 000 vir 'n enkele skending te vergoed.

1.2.22 Die kopiereghouer word nie toegelaat om die wins wat die skender gemaak het, te verhaal nie.

1.2.23 Eskalasie vir tantieme is van toepassing op die verkope van plate.

1.2.24 'n Voorskot is 'n voorbetaling van tantieme.

1.2.25 Die Wet op Outeursreg het ten doel om die regte van 'n skender te beskerm.

(25 × 2) (50)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Digitale toetser neem klanke van verskillende instrumente of stemme om 'n digitale ... te maak.

A kasset
B model
C kopie
D MP3-speler

1.3.2 Opsetlike skending van ... kan tot strafregtelike boetes lei.

A kopiereg/outeursreg
B uitvoering
C repetisies
D gedrukte materiaal

1.3.3 Komponiste kry kopiereg terug tydens ... van kopiereg.

A bevordering
B omkering
C opname
D drukwerk

1.3.4 'n Uitgewer administreer ...

A beelde.
B drama.
C posisie.
D kopiereg/outeursreg.

1.3.5 Wanneer inbreuk op jou werk gemaak is, kan jy die skender se ... verhaal.

A lisensie
B welvaart/rykdom.
C salaris
D wins

1.3.6 Die skender wat voortgaan om die inbreukmakende werk te gebruik, kan onderhewig wees aan 'n ...

A opname.
B boete.
C kopiereg/outeursreg.
D oudisie.

1.3.7 Indien inbreuk op jou werk gemaak is, kan jy ... gelde terugkry indien jy die regsgeding/hofsaak wen.

A prokureurs-
B bestuurders-
C studio-
D promotors-

1.3.8 Omkering van kopiereg het ... wat dit reël.

A voorwaardes
B Subskripsies/intekening
C Eienaars
D Tariewe/gelde

1.3.9 Hertoedeling van alle ... word gedoen wanneer jy in 'n superliga inbeweeg.

A instrumente
B komposisies
C plate
D kopieë

Kopiereg voorbehou

1.3.10 Die uitgewer ... jou komposisies ... alleenlik wanneer jou skade ten volle verhaal is.

A transponeer
B bereken
C wys opnuut toe
D druk

1.3.11 Die reg om te reproduseer verhoed dat filmprodusente die musiek sonder ’n ooreenkoms in 'n ... gebruik.

A uitvoering
B rolprent
C drama
D konsert

1.3.12 Die meerderheid gedrukte musiek- ... word uit bladmusiek gegenereer.

A inkomste
B kopieë
C partiture
D skenkings

1.3.13 Tantieme op folio's is 10% tot 12,5% van die gemerkte ... prys.

A bruto
B spesiale
C verlaagde
D kleinhandel-

1.3.14 'n Uitgewer word ... van 20% vir 'n enkele bladmusiek betaal.

A kommissie
B rente
C tantieme
D wins

1.3.15 'n Lisensie vir gedrukte musiek is vir 'n tydperk van ... jaar geldig.

A een tot agt
B vier tot ses
C drie tot vyf
D tien tot vyftien

1.3.16 Gedrukte musiek behels herdrukke van ...

A lirieke.
B notasie.
C partiture.
D bladsye.

Kopiereg voorbehou

1.3.17 ... tantieme is ongeveer 80% van die Amerikaanse tariewe.

A Buitelandse
B Nasionale
C Plaaslike
D Internasionale

1.3.18 'n Handelswarekontrak vir 'n konsertreis vereis terugbetaling van ..., gewoonlik met rente indien die toer nie betyds begin nie.

A tantieme
B wins
C 'n voorskot
D BTW

1.3.19 Die hantering van en toesighouding oor die promotors is die verantwoordelikheid van die ...

A verhoogbestuurder.
B persoonlike bestuurder.
C regisseur.
D bemarkingsbestuurder.

1.3.20 Die sakebestuurder verseker dat die uitvoeringgelde van ... ingesamel word.

A promotors
B die rekenmeester
C konsultante
D die tesourier

1.3.21 'n Toestel wat in staat is om enige klank te neem en 'n volmaakte digitale kopie daarvan te maak, staan bekend as 'n ...

A videokamera
B digitale kamera.
C digitale kitaar.
D digitale toetser.

1.3.22 Wanneer die gebruik van musiek gering is en dit nie juis bekend is nie, kan jy alle regte teen 'n ... tarief uitkoop.

A kleinhandel-
B vaste
C onderhandelde
D mark

Kopiereg voorbehou

1.3.23 Aan die einde van die termyn wil die bevoorrader enige oorblywende handelsware ...

A afbetaal.
B afskryf.
C afstuur.
D uitverkoop.

1.3.24 Die maatskappy kan 'n opsie hê om die kontrakte van die oorblywende lewe van die groep te ... wanneer ander lede die groep verlaat.

A beëindig
B op te lei
C huur
D verwerp

1.3.25 Die regisseur en die ... neem die finale besluite oor rolprente.

A toesighouer
B promotor
C vervaardiger
D uitgewer

(25 × 2) (50)

1.4 Noem die rolle van 'n persoonlike bestuurder tydens die konsertreis. (20)
[150]

TOTAAL AFDELING A: 150

AFDELING B

VRAAG 2

Verduidelik hoe die volgende handelswareverwante terme werk:

2.1 Bevoorraderstantieme (30)

2.2 Saaltariewe (verstrek voorbeelde) (30)

2.3 Terugbetaling van voorskot (20)
[80]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Definieer die term *liedjieskrywerooreenkoms.* (4)

3.2 Bespreek die term *ooreenkomstermyn*. (8)

3.3 Bespreek die leweringsvereistes. (18)
[30]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik kortliks wat die groep se belangrikste bate is. Kom in jou bespreking met moontlike oplossings vorendag vir die gebruik van hierdie bate deur verskillende lede van die groep.

4.1.1 Verduidelik die groep se belangrike bate. (10)

4.1.2 Oplossings vir die gebruik van die bate as lede die groep verlaat. (10)

4.2 Watter rol speel 'n musiektoesighouer tydens rolprentvervaardiging? (14)

4.3 Watter tariewe is aan die musiektoesighouer betaalbaar? (6)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou